## 18 Maart - EDEN

**Skrifgedeelte: Genesis 2:8-17 en Genesis 3:1-11, 13**
**Fokusgedeelte: Genesis 2:8**

Eden is die naam van 'n landstreek waar die tuin was wat God vir Adam en Eva geskep het. Eden is die Sumeriese woord wat "veld" beteken. Met al sy plantegroei (mens en dier het toe nog van plante en vrugte gelewe) is dit nogal 'n passende naam. In Hebreeus beteken Eden "lieflikheid". Dit is net so gepas om God se pragtige tuin te beskrywe. Vir die Nuwe Testament het die woord "paradys" as benaming vir die tuin van Eden ontstaan. Die Griekse woord vir "tuin" is "paradys".

Nog meer indrukwekkend as die tuin self, is die gebeure wat daar plaasgevind het.

- Die Here het daagliks met *Adam en Eva* kom loop teen die tyd dat die aandwind opkom (3:8).
- Satan het egter ook die tuin betree en vir Eva en Adam verlei om van die verbode vrugte te eet (3:1). Toe het die hele wêreld in sonde geval.
- Die derde aangrypende gebeurtenis wat in die tuin van Eden plaasvind, is God se vergifnis terwyl Hy nog die oortreders se strawwe aankondig: "... vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag (Jesus Christus) sal jou kop (dié van Satan) vermorsel ..." (3:15). So sou Christus vir die sonde betaal.

Toe verdryf God die mense uit die tuin. Hy verhinder hulle om terug te keer deur gerubs (die bewakers van God se heiligdomme) daar te plaas met 'n vlammende swaard wat heen en weer flikker. (Weerligte het dikwels God se teenwoordigheid aangedui.) Hy weerhou hulle om van die boom van die lewe eet en so vir altyd in hierdie sondetoestand te lewe (3:22).

Het sy genade toe opgehou? Nee, dit was *juis* daar. In Christus het herstel gekom. In Hom kry die mens weer die boom van die lewe in die hemel. In Openbaring 2:7 staan: "Ek sal hom te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is."

Wat gaan die Here eendag vir jou sê in daardie paradys/tuin? Gaan Hy jou uitjaag met: *Ek het jou nooit geken nie* ... of verwelkom met: *Mooi so, goeie en getroue dienskneg. Kom in die vreugde van jou Heer* – die nuwe Eden.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1-5* *Ds L Vogel (Walvisbaai)*